

# **E**SKATOLOGIESE **E**INDTYD **B**YBEL **I**NSTITUUT

Professor Hannes Redelinghuys (Ph.d.). (Eskat.). Posnet Suite 42

E-pos adres:

[eebybelskool@gmail.com](mailto:eebybelskool@gmail.com) Privaatsak X 504 Webtuiste: [www.2016newagebybel.co.za](http://www.2016newagebybel.co.za) Sinovill

Kantoor: (012) 543 0430 Pretoria

Sel. No: 083 540 8352

0129

## **VOORWOORD:**

Ek groet u in die mooi en edel Naam van Jesus Christus ons enigste Verlosser, Saligmaker en Redder.

Sonder om veel tyd in beslag te neem, gun my die geleentheid om net vir u te verduidelik waarom ek hierdie Eskatologiese Eindtyd Bybel Instituut gestig het. Persoonlik is ek vir meer as 39 jaar besig met studies en navorsing in die "Eskatologie" met betrekking tot die Eindtyd, die boeke Daniël, Openbaring, die Nuwe Wêreldorde, een Geldstelsel, een Globale godsdienstelsel, Wêreldgebeure vervulling van Eindtyd Profesieë en vele meer net om 'n paar onderwerpe te noem. Ek het my Meesters graad in die Eskatologie naamlik die totstandkoming, die ontwikkeling, die funksionering en die hedendaagse Nuwe Wêreld (of New Age) sisteme behaal. My Doktorale graad het ek behaal in die "Eskatologie" volgens die boeke van Daniël, Openbaring, Eindtyd Profesieë, Wêreldgebeure, die Wegraving van Israel en te veel om nou te noem. In die laaste jare is ek ook die skrywer van vele (dik) Eskatologiese boeke soos: Die Twee Sleutels Tot Die Boek Openbaring. The Two Keys To The Book Op Revelation. Vasgevang In Die Antichris Sisteem. Is Dit Armageddon? Waarom 'n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling. My Referaat/Mandaat. Die Mens Siel Gees En Liggaam, Die Dood Doderyk Hel Of Hemel? Israels Rapture. Die Twee Sleutels Tot Die Boek Van Openbaring (Hersiene 2014 uitgawe). Wat Is Jou God Se Naam. The Lies Of The Church. Is Jou Naelstring Afsesny? Die Godheid Van Jesus Christus en nog vele meer. Duisende van hierdie genoemde boeke is reeds in Suid-Afrika en die wêreld versprei. (My boeke word natuurlik in GEEN boekwinkels verkoop nie, omdat ek TEEN hierdie Globale een wêreldgodsdienstelsel skryf en daarom is dit nie geskik vir hulle lesers nie. Die Woord van God, verklaar: "Dat die waarheid sal ons vrymaak, U Woord is die waarheid." Vir bykans ses vier jaar preek ek ook reeds op TV en word my webtuiste deur duisende mense regoor die wêreld besoek by: [www.2016newagebybel.co.za](http://www.2016newagebybel.co.za) Ek het ook die voorreg om regoor ons mooi land by verskillende denominasies, kerke en mense te preek (bedien) en om woordskole aan te bied, met verwysing tot die Eskatologie en die Eindtyd.

Die enigste rede dat ek hierdie inligting aan u noem is nie om myself, my boeke of DVD's te bemark nie, maar om u te verseker, dat ek myself sien as een van Suid Afrika se deskundiges op die gebied van Eskatologie en die Eindtyd, en wie sy grade behaal het in die vakgebied van Eskatologie. Wanneer ek dan vir u enige inligting gee, kan u verseker weet dat dit behoorlike nagevorste feite is, en nie kerklike fabels nie. Persoonlik is ek reeds vir meer as 18 jaar nie meer verbonde aan enige kerklike organisasie of denominasie

nie, maar behoort ek net aan die Bruid van Jesus Christus, en leer net wat die Woord van God, (ons 1933) Afrikaanse Bybel vir my leer, en geen kerklike dogmatiek of leerstellings nie.

## **WAAROM NÍ ELEKTRONIESE BYBELSKOOL?**

Ek ervaar dit in my gees dat God, ons Vader, wil hê dat ons in hierdie moderne eeu waarin ons tans leef elke moontlike geleentheid moet gebruik, om Sy Woord aan 'n verlore wêreld uit te dra. Daarom vind ons Jesus Christus se eie opdrag aan Sy Apostelsnaamlik: "GAAN, MAAK DISSIPELS EN LEER HULLE." (Matthéüs 28 vers 19). Elke keer wanneer ek oor die Eskatologie en die Eindtyd bedien, kom mense in hulle hordes om vrae te vra wat hulle eie Predikante/Pastore nie vir hulle kan beantwoord nie. Nie omdat hulle nie wil nie, maar omdat hulle self meeste van die tyd nie weet wat die antwoord is nie. Hierdie vingerwysing lê ek vierkantig voor die deure van meeste teologiese instansies, omdat deur die eeue heen was Eskatologie en die Eindtyd openbaarmaking van Bybelse Profesieë geheel en al as die stiefkind gesien, in die opleiding van teologiese studente in Suid Afrika. Ek praat van persoonlike ondervinding want ek het self ook deur die teologiese sisteem gekom. Vir eeue is die boeke Daniël en Openbaring in hul geheel vermy omdat di'n geweldige hoeveelheid "Beeldspraak" bevat, wat meeste van die tyd onverstaanbaar was en ook omdat hierdie beeldspraak tot voordeel van sekere kerke, organisasies en denominasies aangewend was, en dit ten koste van mense siele. Hoe jammer tog!

Omdat hier in hierdie tyd waarin ons tans leef 'n geestelike honger en dors na die Geopenbaarde Woord van God, ons Vader, en die kennis tot die Eskatologie en die Eindtyd volgens die Woord van God is, voel ek dat die tyd is ryp waar mense in die gerief van hulle eie omgewing (huis, sitkamer, studeerkamer of enige ander plek) die geleentheid kan hê, om die dieper en ware betekenis van die Geopenbaarde Woord van God, soos dit onverwelk en onafgewater geskryf staan te ervaar, en ook met ander mense te deel.

Hierdie geopenbaarde Eskatologiese/Eindtyd kursus kan u in u eie tyd soos wat u wil bestudeer, **SONDER die druk van toetse en eksamens elke kwartaal of jaar. Dit hang geheel en al van u af tot watter mate u, u self wil bekwaam in die Eskatologie, die Eindtyd, Eindtyd Profesieë en Wêreldgebeure.**

## **WAT IS ESKATOLOGIE?**

Eskatologie is verseker NIE teologie nie. Eskatologie is nie gekoppel aan dogmatiese teologiese sienswyses nie, maar is geheel en al verwant aan die: "VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS." Eskatologie bring ons by die openbarings van "alle" verseëde geheimenisse in die Woord van God. (Lees: Daniël 12 vers 4; vers 8 en 9). Lees ook nou Openbaring 22 vers 10. Wat het God, vir die engel gesê? "Moet dit NIE verseël nie, WANT DIE TYD (VAN DIE EINDTYD) IS NABY."

## **DOEL VAN DIE BYBELSKOOL?**

- A). Om elke Bybelskool student toe te rus oor die Eindtyd en Wêreldgebeure volgens die Woord van God.
- B). Om alle verseëde geheimenisse in die Woord van God, volgens Sy Woord te openbaar.
- C). Om alle "beeldspraak in die boeke van Daniël en Openbaring te verklaar.
- D). Om te ervaar hoe alle Eindtyd en Bybelse Profesieë tot vervulling kom.

- E). Om tot die Geopenbaarde kennis volgens die Woord van God, ons Vader, te kom.
- F). Om fabels wat in sommige van ons Protestante kerke ingevoer is, te ontbloot van alle waarheid.
- G). Om die egtheid van ons 1933 en 1953 Afrikaanse Bybels te erken as die ware Woord van God.
- H). Sonder om enige kerklike organisasie te bevoordeel die Woord van God, te leer, soos dit geskryf staan.

Omdat hierdie generasie nader aan die Wederkoms van Jesus Christus is as enige generasie voor ons, is dit van kardinale belang dat ons sekere wêreldgebeure met die Woord van God, moet vergelyk, en dan kan ons sekere Bybelse Profesieë hieraan koppel.

## **HOE LANK SAL HIERDIE KURSUS DUUR?**

Dit bestaan uit 'n 1 ste jaar, 2 de jaar en dan 'n finale (3de) jaar. In hierdie tydperk staan dit enige persoon vry om sonder enige koste, enige tyd hom/haar los te maak van die kursus.

Elke week se lesing bestaan uit 'n 1 uur lesing (DVD). Meeste van die tyd volg die volgende week se lesing op die lesing wat u dan nou behandel het. Die lesings is genummer: WEEK 1; WEEK 2; WEEK 3 ens. 'n Volle maand se kursusse bestaan gewoonlik uit 4 verskillende 1 uur lesings, wat u op 1x DVD per pos sal ontvang. 'n Een jaarkursus bestaan uit 50 een uur lesings.

## **KOSTES:**

Hier is GEEN registrasie kostes verbonde nie. U betaal GEEN deposito's nie.

Hierdie 3 jaar kursus is geheel en al KOSTELOOS. Al wat van u verwag word is om die maandelikse posgeld te betaal. As dit die Poskantoor is, is hul tarief R50-00 per postuk, en as dit Postnet is, is dit R100-00 per postuk.

## **HOE WORD EK DEEL VAN HIERDIE EINDTYD BYBELSKOOL?**

Sou u belangstel, stuur u net vir ons 'n e-pos na: [drhannesr@gmail.com](mailto:drhannesr@gmail.com) of SMS ons by: 083 540 8352 met die woorde: ESKATOLOGIESE EINDTYD BYBEL INSTITUUT. Ons sal dan vir u die inskrywings gegewings e-pos of faks.

## **WANNEER KAN EK MET DIE KURSUS BEGIN:**

Direk nadat u 'n STUDENTE NOMMER bekom het. Ons jaar werk NIE van Januarie tot Desember nie, maar u jaar begin wanneer u die eerste lesings ontvang het, tot 12 maande later.

## **KOMMUNIKASIE:**

Dit staan u vry om met my per e-pos, per foon of SMS te kommunikeer, solank die bespreking gaan oor die behandelde gedeelte van ons week se studie. Dit is onmoontlik om elllange gesprekke te voer terwyl u verseker nie die enigste student sal wees nie. Enige kommunikasie moet asb. kort en saaklik wees, sodat ek dit vir u kan beantwoord.

## **BOEKE:**

Van tyd tot tyd gaan ek ook vir u in kennis stel van my boeke en DVD's wat beskikbaar sal wees watu verseker kan help, met die onderwerp wat ons behandel. Dit sal u natuurlik vrystaan sou u die boek/DVD's wil bestel al dan nie.

## **WÊRELDEBEURE:**

Van tyd tot tyd sal ek u op hoogte hou met dit wat in die wêreld aangaan wat betrekking sal hê op die Eskatologie en Eindtyd.

## **MY BEGEERTE:**

Is dat God, ons Vader, Sy doel in elke persoon wie glo dat hy/sy deel van die Bruid van Jesus Christus is sal vervul, en dat hierdie Eskatologiese Eindtyd Bybel Instituut miljoene mense oor die aarde sal bereik, voordat die Wederkoms van Jesus Christus sal plaasvind. Die Eskatologiese Eindtyd Bybel Instituut staan nie in opposisie met enige ander Teologiese instansie nie, maar ek glo met hierdie Geopenbaarde Woord van God, sal u net in staat sal wees om die Woord van God, beter te verstaan, en ook die openbaring van die beeldspraak en verseëlde geheimenisse te bekom. My begeerte is dat wanneer u tot die kennis gekom het u in staat sal wees, om hierdie Geopenbaarde Woord in 'n verlore en onkundige wêreld in te neem (te verkondig).

Ek dank u dat u die tyd geneem het om hierdie lewensbelangrike dokument te lees. Onthou ook hierdie bediening in u gebede, want die Woord van God, verklaar: "*Dat die gebed van die regverdige het groot krag.*" As u vir God, se Koninkryk omgee, stuur hierdie brief ook asb. aan soveel van u vriende as moontlik.

Groete.

U broeder in die werk van Jesus Christus.

Professor Hannes Redelinghuys (Ph.D.). (Eskat.).